Verwysing: 20211007-6564
Lêerno.: 12/2/10/5/5
Navrae: C Banda

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0008/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Voorgeskrewe letterkunde vir die graad 12-eksamens in November 2022 en Junie 2023

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het Omsendbrief E23 van 2021, met 08 September 2021 as datum, (aangeheg as **Bylae A**) uitgereik oor die voorgeskrewe letterkunde vir alle amptelike tale op Huistaal-, Eerste Addisionele Taal- en Tweede Addisionele Taalvlakke vir die graad 12-eksamens in November 2022 en Junie 2023.

2. Gegewe die voortdurende uitdagings wat die COVID-19-pandemie meebring, kon die katalogus vir nuwe voorgeskrewe letterkunde nie afgehandel word nie. Die DBO het besluit om die bekendstelling van nuwe letterkunde tot 2023 uit te stel, wat inkrementeel sal geskied.

3. Die DBO sal nuwe gedigte en kortverhale vir die November 2023 en Junie 2024 se eksamens (uit die bloemlesings wat tans voorgeskryf word) in 2023 bekendstel. Geen nuwe dramas, romans en folklore sal in 2023 bekendgestel word nie.

4. Met die uitsondering van Suid-Afrikaanse Gebaretaal Huistaal (SAGT HT), sal graad 12 se letterkundevraestelle (Vraestel 2) vir alle amptelike tale vir November 2022 en Junie 2023 se eksamens op die letterkunde wat vir die November 2021 en Junie 2022 se eksamens voorgeskryf is, gebaseer wees.

5. Om dié rede moet daar kennis geneem word dat, met die uitsondering van SAGT HT, die lys van voorgeskrewe letterkunde vir November 2022 en Junie 2023 se eksamens dieselfde is, soos uiteengesit in DBO Omsendbrief E19 van 2018, met 12 Julie 2018 as datum (as **Bylae B** aangeheg).

6. Die voorgeskrewe letterkunde vir **SAGT HT** vir November 2022 en Junie 2023 se graad 12-eksamens is dieselfde as uiteengesit in DBO Omsendbrief E16 van 2020, met 09 September 2020 as datum (as **Bylae C** aangeheg).

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle inrigtings en kandidate wat die graad 12-eksamens in November 2022 en Junie 2023 aanbied.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-10-13